

14 November

Skrifgedeelte: Johannes 21:15-25

Die Here herstel sondaars

Die Johannes-Evangelie sluit op 'n hoë noot af. Die lyne van die hele boek trek saam in twee sake: Dat Jesus sy kerk versorg en dat die basis van sy sorg die waarheid en belangrikheid van Jesus se daede en woorde is. Die liefde van die Here vir sy kerk word duidelik as Hy vir Petrus vra of hy Hom liefhet. Tot driemaal toe. Ons moenie te veel inlees in die woorde wat hier vir "liefde" gebruik word nie (Jesus vra twee keer deur die woord agape te gebruik, terwyl Petrus net praat van filia, die woord wat Jesus ook die laaste keer gebruik). Die saak is dieselfde, naamlik dat Jesus liefde vir Hom van ons verwag. Nie net Johannes, die geliefde apostel, moet die liefde uitleef en uitdra nie, maar ook Petrus – asook ons almal. So word Petrus herstel al het hy Jesus verloën. Hy word herstel omdat Jesus Hom liefhet. Hierdie liefde is die basis waarop die kerk moet leef. Selfs al sou Petrus gewelddadig sterf (vers 18) (volgens oorlewering onderstebo aan 'n kruis) sou dit hom nie van die Here se liefde skei nie. Is ons werklik 'n toonbeeld van liefde? Tweedens staan die waarheid van die evangelie vas. Johannes, die dissipel "vir wie Jesus baie lief was" (vers 20), het alles geskryf en ook laat skryf (vers 24). Hierdie getuienis is waar, soos al die ander dinge wat Jesus gedoen en gesê het. Besef die wonder van hierdie evangelie. En wees verseker dat ook jy ten volle deur die werk van Jesus Christus herstel is – vry van sondes. Dank Hom daarvoor en leef in liefde vir Hom.

Sing: Skrifberyming 24:7

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)